**Verwelkomingsrede deur prof H Russel Botman, rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, by die vierde jaarlikse Eerstejaarsakademie Prestige-aand, 10 Maart 2011**

Goeienaand, almal. *Molweni! Good evening.* Vanaand is baie spesiaal, en ons eregaste val in twee groepe:

- Die STUDENTE wat deur hul onderskeie fakulteite as die bes presterende eerstejaars van 2010 aangewys is;
- *And all the LECTURERS who have been nominated by these students as having made the greatest contribution to their academic success.*

Aan elkeen van ons top studente hier, baie geluk met u besondere prestasie. Die Universiteit Stellenbosch (US) lok jaarliks die top-matrikulante van regoor Suid-Afrika. U het nou bo u klasmaats uitgestyg, en tel dus onder die beste studente in die land.

*As you would know, with this achievement comes the responsibility to use your abilities and knowledge to the benefit of those around you. You are already ambassadors for the University's academic image. I would like to encourage you to contribute even more to the development of all the people of our country and continent.*

Wat baat 'n klomp kennis immers die mensdom as dit nie gebruik word om 'n beter toekoms te help skep nie? U kan 'n rolmodel wees deur die ingesteldheid uit te leef dat die wetenskap tot voordeel van die samelewing beoefen moet word.

*This emphasis on both academic excellence and service to the community has been characteristic of our University throughout its history. That's why our message to everyone in society is that we want to be "Your knowledge partner".*

*And that's why we have the HOPE Project. By using "hope" as a guiding concept, we ask critical questions about the world around us, we look at problems in a scientific manner and we use science to make a difference.*

Welgedaan aan almal wat ons help om akademiese uitmuntendheid <u>en</u> dienslewering te bevorder. Ons dosente is sleutelfigure. Hulle speel 'n belangrike rol in die akademiese vordering van studente. Maar hulle help ook die totale universiteitservaring hier by Maties uniek maak.

Dit is my voorreg om vanaand elkeen van die genomineerde dosente te bedank vir die toewyding en passie waarmee u u studente tot nuwe hoogtes aanspoor.

Studentesukses is een van die hoofdoelwitte van die HOOP Projek. Toe ons die Eerstejaarsakademie in 2007 tot stand gebring het as die eerste inisiatief van sy soort in die

land, was dit 'n belegging in die toekoms. En vandag pluk ons die vrugte met ons goeie eerstejaardeursetkoers, voorgraadse sukseskoers en algehele gradueringskoers.

Soos u weet, is die Eerstejaarsakademie 'n universiteitswye inisiatief. Daarom verwelkom ons ook vanaand hier:

- die Viserektor (Onderrig), prof Magda Fourie, en ander bestuurslede van die Universiteit, insluitend ons studentedekaan, Dr Llewellyn MacMaster.
- lede van Prof Fourie se bestuurspan;
- die dekane hier teenwoordig; en
- die LOK-sameroepers.

*To everyone who helped arrange tonight's event, thank you for your inputs. A special word of welcome to:*

- *Members of the Academic Affairs Council.*
- *The coordinator of the First-year Academy, Dr Susan van Schalkwyk; and*
- *Everyone at the Centre for Teaching and Learning.*

Dames en here, vanaand se funksie skakel in by ons spesiale fokus op akademiese vernuwing. By die IBF aan die begin van die jaar het ons gedagtes gewissel oor innovasie rondom onderrig en leer wat ons sal help om die uitdagings van die 21ste eeu die hoof te bied. Die Raad op Hoër Onderwys het reeds laat blyk dat die volgende rondte institusionele oudits op onderrig en leer sal fokus.

Prof Fourie dryf die vernuwing van onderrig en leer aan die Universiteit, en ek is seker sy sal ons meer hieroor vertel wanneer sy ná die voorgereg aan die beurt kom as spreker.

*In the meantime, ladies and gentlemen, let me just ask that you use this opportunity to engage each other on how we can improve teaching and learning and lay a solid foundation for academic renewal at Stellenbosch University.*

Maar nou het ek genoeg gepraat. Geniet die aand.

-o0o-